Publication: Burger, Die (Wes-Kaap) (SakeNuus)
Publication Date: 10 Aug 2018
Page: 10

AVE: 15995.76
Circulation: 47400
Part: 1 of 1

Belangrike hofsaak begin oor invordering van skuld

Nellie Brand-Jonker

Enigiemand wat al vir skuld opgeskroef is en vir 'n bedrag van byvoorbeeld R600 op die einde R5 100 moes terugbetaal, sal belangstel in 'n hofaansoek wat vandeesweek in die hooggeregshof in Kaapstad ingedien is.

Die aansoek is deur die Universiteit Stellenbosch se regskliniek, Summit Financial Partners (Summit), en tien van sy kliënte gebring om regterlike ingryping met betrekking tot skuldinvorderingspraktyke te versoek. "Hierdie aansoek het die potensiaal om 'n betekenisvolle uitwerking op die Suid-Afrikaanse finansiële landskap te maak.

"Die feit dat 49 respondente, insluitend al die groot banke en die hooflenings-instellings, by die saak betrek is, is 'n aanduiding van die gevolge wat hierdie saak op die Suid-Afrikaanse kredietmark kan hê," sê dr. Theo Broodryk, hoof van die regskliniek, in 'n verklaring.

"Die feit dat 49 respondente, insluitende al die groot banke en die hooflenings-instellings, by die saak betrek is, is 'n aanduiding van die gevolge wat hierdie saak op die Suid-Afrikaanse kredietmark kan hê.

Die saak volg op die regskliniek se vroeëre werk in die opspraakwekkende saak in die konstitusionele hof van 2016 teen die minister van justisie en ander waar die hoogste hof in die land saamgestem het dat verskeie praktyke met betrekking tot die misbruik van besoldigingsbeslagleggingsbevele ongrondwetlik was.

Die applikante het nou die hof genader weens "die eensydige en ongereguleerde wyse" waarop krediteure en invorderingsagente koste, insluitend regskoste, by debiteure se rekeninge voeg, voor sowel as ná die vonnis.

Die finansiële deskundiges by Summit raam dat gewetenlose kredietverskaffers meer as 'n miljard rand weens hierdie praktyk – wat die applikante aanvoer teen sekere artikels van die Nasionale Kredietwet is – oorverhaal het vanaf duisende mense wat geld skuld.

In die geval van net een van hierdie persone, wat ook een van die applikante in die saak is, is 'n bedrag van R5 100 op aanvanklike skuld van R600 ingevorder.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.